# BOODSKAP VIR DIE BUITER



Gerrie Radlof

# BOODSKAP VIR DIE BUITER

*deur*

**GERRIE RADLOF**

*Uitgegee deur*:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2021

## Die Buiter Reeks Verhale

Die voorbladskets is ŉ nuwe ontwerpte voorblad, spesiaal geskep om by die Buiter reeks se tema te pas.
Hierdie boek is die eerste uitgawe in e-boek formaat.

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

BOODSKAP VIR DIE BUITER
deur Gerrie Radlof

ISBN 978-1-928498-77-3

Uitgegee deur:
Skatkis Boeke - Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2021)
Boek geredigeer deur Pieter Haasbroek
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Lees gerus die opwindende verhale van ʼn man wat ʼn merkwaardige dubbele lewe gelei het. Hy word die Buiter genoem. Mense sien hom as die rykste edelman aan die Kaap, die oënskynlik ledige en verveelde graaf Jean de Moreaux. Daar is ook die mooi Rossouw-susters, Jacques, Pierre, Phillip en sy getroue staatmaker, Andre. Hierdie paar getroue vriende wat sy identiteit ken en hom nooit sal verraai nie, ken hom as ʼn onverskrokke waaghals wat ʼn onuitblusbare regverdigheidsin het. Die publiek sien die geheimsinnige Buiter as ʼn hoflike, adellike en kleurryke nagtelike ruiter. Hy is galant en word gevrees deur skurke. Tussen die hoë adellike kringe word hy hoog geag weens sy geld en status.

In die nagtelike ure kom die Buiter uit die skaduwees. Dan het hy ʼn swart gewaad en masker oor sy gesig. Op die rug van ʼn swart trippelende hings is hy gewapen met ʼn swaard in sy hand, ʼn vlymskerp rapier in die skede van sy saalsak en met sy twee pistole gereed in sy lyfband, is hy reg om enige gevaar aan te durf. As jy mooi kyk sal jy teen die hange van Leeuwberg ʼn perd rats tussen bosse en struike deur sien vleg en soms meer as een, as die Buiter en sy bende uit is op jag. Hulle word nie gehoor nie en laat hulle ook nie keer nie. Die Buiter is sonder uitsondering op die toneel wanneer onreg gepleeg word en geen booswig ontsnap aan sy waaghalsige metodes van vergelding nie. Soos ʼn moderne Robin Hood beroof hy die oorryk, ydele hoëlui om aan die armes uit te deel of hulle bende gaan herstel onregte wat gepleeg is teenoor minderbevoorregtes.

Dit is die era waar die klap van flitsende swaarde, pistoolskote en die donderende hoewe van talle perde in die nag gereeld gehoor kan word. Waar die gemeenheid en woordelose wreedheid van skurke met hul pofmoue en fluweel kniebroeke gesien kan word. Dit is die tydperk waar die aristokrasie heers en doen net wat hulle wil, tog kom hulle uiterlik voor as galante, buigende here van die Kaap. Wie egter verdruk of veronreg word deur die aristokrasie, moet gehelp word, maak nie saak hoeveel slotte, soldate of klipmure daar in die Buiter se pad is nie. Saam met sy vriende sluip hulle gereeld diep in die nag deur donker gangetjies, uitoorlê en oorrompel saam wagte en stuur hulle selfs die

ewigheid in, as die noodlot dit so beslis. Hulle nagtelike ritte is altyd vol opwindende aksie, avontuur en vele gevare en nie lank nie dan spat die vonke behoorlik.

In hierdie sewende Buiter verhaal reeks gaan dit oor Bierman, die hof amptenaar wat ook in die geheim ’n skeepsplunderaar is. Daar is Van der Hooft, ’n edelman en skurk, Betta Fourie wat die eienares is van die rustige plaas Môrester en haar broertjie Dawie. Natuurlik is daar ook nog die Buiter, die gevreesde ridder van die nag op sy swart perd. Hulle almal is die hoofspelers in ’n reeks gebeurtenisse wat begin by ’n beplande skip wat moet strand en eindig in ’n muwwe tonnel onder ’n ou slawehuis. Die merkwaardige verhaal is ook vol romanse, spanning en opwinding wat jou naelvas sal hou tot jy die storie klaar gelees het.

## UITTREKSEL

Miskien misgis hy hom. Sonder dat ’n woord tussen hulle geuiter word, beheer hulle die perde met die linkerhand en lewer hulle steek na steek met hul regterhand. Daar is net een verskil. Aan Jean se linkerkant is een van die manne wat van agter ’n boomstam te voorskyn gekom het. Feitlik na elke hou wat hy van sy teenstander op die perd afweer, moet hy Rower ’n tree of wat laat retireer sodat hy die lastige aanvaller aan sy linkersy op sy plek kan hou.

Die gevolg is dat Jean binne ’n paar oomblikke amper tussen die ander vier perde ingeskuif het.

Hy hoor ’n gedempte uitroep van Jacques se kant af en dofweg sien hy ’n gestalte tussen die struike in terugslinger. Die volgende oomblik trek Jacques, uit sy voordelige posisie in sy saal, ook die man wat Jean teister, se aandag af. Dadelik kan die Buiter sy volle vernuf beoefen met die ruiter hier by hom. Sonder aarseling vryf hy met sy hakke teen die sye van Rower en dan beur hy stadig vorentoe. Met ’n warrelwind van houe dryf hy die man ’n paar tree terug totdat die Buiter se bende weer ’n volmaakte kring vorm.

# INHOUD

## Hoofstukke

Hoofstuk 1.............................................................Bladsy 8

Hoofstuk 2.............................................................Bladsy 22

Hoofstuk 3.............................................................Bladsy 32

Hoofstuk 4.............................................................Bladsy 47

Hoofstuk 5.............................................................Bladsy 61

Hoofstuk 6.............................................................Bladsy 74

Hoofstuk 7.............................................................Bladsy 84

Hoofstuk 8.............................................................Bladsy 96

Hoofstuk 9.............................................................Bladsy 102

Hoofstuk 10...........................................................Bladsy 114

# BOODSKAP VIR DIE BUITER
## Hoofstuk 1

Twintig voet," roep die peiler van die voorkasteel af. Sy stem klink waarskuwend. Die paar matrose in die touwerk teen die middel mas staak hul pogings om die groot voorseil teen die sterk noordewind te verstel. Hulle kyk angstig na die klein ronde kol oranje lig wat die lantern van die loodpeil ophaler in die stikdonkerte veroorsaak. Sy werklike woorde kan hulle nie hoor nie maar die strekking daarvan is vir hulle duidelik.

"Vannag vaar ons nog op die rotse," skreeu een vir 'n ander wat skaars vyf tree van hom af is, maar wie se gestalte vir hom byna onsigbaar is teen die netwerk van maste, seile en toue.

In hulle ore is die gesuis en geklap van soutwater-druppels wat deur die wind teen die seile aangedryf word. Rondom hulle is die dreuning van brekende branders en vir hulle geoefende seemansore is hierdie almal tekens van gevaar. Onder die groot lamp op die kompanjiedek staan twee manne by die stuurman. Uit die donkerte van die middeldek het die bootsman die peiler se woorde aan hulle oorgedra. Daarna hoor hulle hoe hy op die matrose skreeu om die dwars seil in te haal. Hulle weet hoekom hy dit doen. Hy wil die swaartepunt van die groot handelsvaarder laer skuif om die geslinger en gestamp teë te werk.

Kaptein Meyer veeg die soutwater uit sy oë. Hy loer oor stuurman Verwey se skouer na die kompas en dan na die man wat langs hulle staan. Hy vind Hendrik Bierman se blik deurdringend op hulle gerig.

"Ons kom nader, mnr. Bierman," sê hy gedemp maar steeds hard genoeg, sodat die wind sy woorde nie wegwaai nie.

"Is dit die regte plek?" Bierman praat asof hy in bevel is. Hy hang aan 'n dik tou en sy swaar oorjas wapper teen sy bene, maar selfs nou is sy flinke, amper hooghartige houding opmerkbaar. Sy blik is ontbloot van angs, soos in die geval van iemand wat uitdruklik weet waarop hy afstuur en wie se enigste bekommernis is dat sy planne nie volkome sal slaag nie.

"Dit is die regte plek," verseker Meyer hom. "Volgens die diepte lesings sal ons binnekort op die sandbank vaslê."

"Hierdie onstuimige weer..." verneem Bierman, "in hoe 'n mate sal dit

ons met die aflaaiery hinder?"
"Nie veel nie. Met hierdie vaart sal die kiel diep in die sand klowe. Die wind en die deining sal dan min uitwerking hê."
Hulle kyk al drie na die voorkasteel waar die peiler met sy peillood oor die kantreling leun. Dit is asof hy daar tussen hemel en aarde hang, daar waar sy lantern 'n dowwe ligkring om hom werp.
Hulle sien dat hy iets skreeu maar kan hom nie hoor nie. Hier onder uit die donkerte kom die stem van die bootsman.
"Vyftien voet." Hy klink besorgd. Weer kyk kaptein Meyer na Hendrik Bierman. Hy sê niks. Sy oë soek in die donkerte agter die ander man rond. Dan glimlag hy gespanne.
"Daar is die lig, meneer."
Hendrik Bierman kyk om. Skuins, aan die stuurboordkant van die skip, brand 'n lig soos 'n ster in die nag. Hy sug en voel effens geruster. Vandat hy Algoabaai verlaat het, het hy op hierdie oomblik gewag. Daagliks moes hy veg teen die vlae van ongeduld, want toe hy nog op land was, het hy besig gebly met voorbereidings, maar sedert hy aan boord gekom het, moes hy maar net vertrou dat alles voorspoedig sal afloop en dat sy reëlings hom nêrens in die steek sal laat nie. Want daar was verskeie faktore wat hulle berekenings kon omvergooi en maande se beplanning in die war kon stuur.
Die twee boodskappers wat tegelyk met die Oostersee van Algoabaai vertrek het, mag teenspoed ondervind het. Hulle mag die groot skip, wat al langs die suidkus van Afrika geseil het, uit die oog verloor het. In daardie geval sou Kellerman nie vannag met die waens hier gewees het nie en sou die Oostersee 'n wrak gewees het voordat hulle die ryk lading uit die ruime kon verwyder.
Die kaart wat aan boord gebring is, kon dalk ook nie heeltemal akkuraat gewees het nie. Meyer kon dit verkeerd gelees het en Verwey kon dus die skip op die verkeerde plek op die rotse gestuur het.
Hendrik Bierman sug. Hy het nie die minste begeerte om in die woeste deining van die donker, onstuimige see geslinger te word nie.
"Hoe lank behoort dit nog te duur voordat ons die bodem raak?" verneem hy.
"Enige oomblik nou, meneer Bierman."
"Sal die passasiers en die bemanning veilig in die skeepsbote vervoer

kan word?”
Sy vraag toon geen teken van besorgdheid oor die mense na wie hy verwys nie. Dit is maar net die volvoering van sy eie taak wat hy hom opweeg.
“Dit behoort gedoen te kan word,” verseker Meyer hom.
“Sodra jy die bevel gegee het dat almal die skip moet verlaat,” gebied Bierman, “sal ons nie verder oor hierdie saak gesels nie. Ek sal my by die paar passasiers skaar en sodra ons land bereik het, sal ek wegglip. Jy sorg natuurlik dat hulle almal bymekaar bly. Ons wil nie hê dat iemand op ons moet afkom onderwyl ons besig is nie. Ek sal voor ligdag na julle terugkeer.” Hy kyk deurdringend na die twee manne voor hom. “Sodra ons teen die rif vasry, vergeet julle alles wat vooraf gebeur het. Van daardie oomblik af is jul enigste doelwit om almal aan boord, veilig aan wal te bring. Julle reaksies moet die wees van ’n kaptein en sy stuurman wat ’n oordeelsfout begaan het. In die Kaap sal ek met julle in aanraking kom. Ek...” Hy hou op met praat. Hy sien die waarskuwende blik in kaptein Meyer se oë en die skielike vrees in die van Verwey. Met ’n beklemming swaai hy om.
Vlak agter hom staan ’n jong seun van sowat vyftien jaar oud. Sy intelligente blou oë is vol verbystering en sy sonverbruinde voorkop vertrek in ’n frons van verslaenheid.
“Wat soek jy hier Dawie?” roep Bierman uit, en sy stem is skerp van spanning. “Wat de joos soek jy op dek?” herhaal hy asof hy vir die oomblik aan niks anders kan dink nie.
Dawie Fourie skud net sy kop. Steeds staar hy hulle aan asof hy nie kan glo wat hy gehoor het nie. Wanneer sy blik tot Hendrik Bierman terugkeer en hy die woede op die man se gelaat duidelik in die lamplig sien, kom daar ’n trek van teleurstelling in sy uitdrukking soos wanneer iemand ontdek dat ’n persoon wat vir hom ’n held was, nie aan sy hoë ideale voldoen nie.
“Ek kon nie slaap nie,” begin hy huiwerig. “Ek... ek het na jou gesoek, Hendrik.”
“En toe kry jy my hier,” snou Hendrik hom toe.
Dawie Fourie deins terug. Hendrik Bierman het nog nooit vantevore so met hom gepraat nie. Hy weet dat Hendrik ’n belangrike man is maar sedert Hendrik sy suster ontmoet het en gereeld op Môrester besoek

aflê, is hulle vriende en het Hendrik vir hom die toonbeeld geword van alles wat hy eendag in die lewe wil wees. Hy was opgewonde soos ’n kind toe Hendrik ingewillig het om hom saam te neem op ’n sakereis na Algoabaai, van waar hulle dan weer met die Oostersee na die Kaap sou terugkeer. Maar nou...

“Wat het jy alles gehoor?” vra Hendrik verwoed.

“Ek... Julle wil die skip op die rotse stuur,” bars Dawie uit, asof die volle strekking van hulle voorafgaande gesprek nou eers werklik tot hom deurdring. Sy verbystering maak plek vir afsku. Hy tree agteruit, gespanne en op sy tone soos ’n wildsbokkie wat gereed staan om te vlug.

Die peiler op die voorkasteel wuif wild met sy arms. Die bootsman skreeu iets van die middeldek af, maar sy woorde is onverstaanbaar toe ’n geweldige slag deur die Oostersee ruk en die skip eensklaps roerloos en krakend in die brekende deining lê. Uit die touwerk om die middel mas kom die gille van die bemanning wat daar gereed gestaan het om die seile volgens die bevele van die bootsman te verstel. Die voormas breek middeldeur asof ’n weerligstraal dit getref het. Skreeuend en stampend val dit deur die seile en touwerk en slinger twee van die dwarsmaste saam na dek toe. ’n Seeman stort na benede met ’n lang, uitgerekte kreet wat bo die gedreun van die branders, die huilende wind en die geswiep van spattende skuim deur die donker sny.

Die groep om die roer op die kompanjiedek word vorentoe geslinger, teen die helling van die planke asof ’n onsigbare hand hulle van agteraf gestamp het. Maar van almal aan boord was net die drie wat oorspronklik daar gestaan het, in werklikheid voorberei vir hierdie ramp.

Hendrik Bierman beland in ’n hande-viervoetposisie op die dek. Rats kom hy op sy voete en in dieselfde beweging pluk hy sy swaard onder die dik oorjas uit en toe Dawie Fourie, wat vlak langs hom neergestort het, maar met jeugdige frisheid van liggaam en verstand omrol en opspring, tref Hendrik hom met die swaar se knop teen die kant van sy kop.

Hulle is nou buite die ligkring van die lampe bo die agterstewe. Sonder ’n kreun sak die seun neer onderwyl Hendrik vir stuurman Verwey aan sy skouer gryp en hom orent pluk.

“Sleep hom daar agter die bolwerk in,” skree hy hees. “Laat hom daar lê.”
Verwey staar na die dowwe gestalte voor sy voete. Hendrik kan nie die uitdrukking in sy oë sien nie, maar dit is asof hy raai dat Verwey sy optrede nie goedkeur nie en dat Verwey, toe hy hom oorspronklik in hierdie komplot laat inpraat het, nie ’n moord verwag het nie.
“Roer jou litte,” bulder Hendrik. “Wil jy hê ons moet almal gehang word? Sleep hom daar agter in.” Sy eie versteurde gemoed dryf hom tot meedoënlose ongeduld. Hierdie voorval is beslis ook nie deel van sy beplanning nie. Dawie Fourie is Betta se broer en Betta Fourie besit die pragplaas Môrester. Hendrik Bierman wil daardie plaas een van die dae sy eie kan noem. Maar dit is die vervlakste knaap se eie skuld. Hy het aangehou neul om saam geneem te word na Algoabaai toe. Eers het hy gemeen dat Dawie se teenwoordigheid ’n probleem mag skep, maar later het hy die voordele daarvan ingesien. As die Sekretaris van Bemarking aan die Kaap kan Hendrik maklik ’n rede vind vir sy besoek aan Algoabaai. Tog is die gevaar altyd daar dat iets kan skeefloop en dat sy besluit om per skip na die Kaap terug te keer, met die skipbreuk in verband gebring kan word. Hendrik is ’n gesiene Kapenaar en Betta Fourie beweeg in die hoogste kringe. Sy is persoonlik bevriend met die goewerneur, ’n omstandigheid wat ’n huwelik met haar vir Hendrik Bierman, wat van heel onder af teen die leer van sukses moes opklim, veel aantrekliker maak. Die feit dat hy Dawie dus met hom saam geneem het, het menigeen laat opmerk dat hulle nie verwag het dat die ambisieuse, hardwerkende Hendrik Bierman so gemoedelik kan word, dat hy omgee vir die begeertes van ’n jong seun nie. Maar ander het oog geknip en gesê dat dit nog maar net ’n verdere fynbeplande stap op Hendrik se pad na Betta se hart is.
Maar in die oomblik wat Hendrik teen die dek geslinger word, oorweeg hy met die helderheid van ’n geoefende verstand alle aspekte van die saak. Die bootsman, miskien die peilloodophaler en beslis die matrose wat daarbo in die touwerk gehang het, sal kan getuig dat Dawie daar by die roer gestaan het toe die skip die sandbank getref het. Die slag daarvan kon hom teen enige voorwerp geslinger het en teen ligdag sal daar in alle geval min van die Oostersee oorbly.
Verwey skrik vir die roekeloosheid in Hendrik se bevel. Selfbehoud kry

die oorhand oor hom en sondermeer sleep hy die slap liggaam van die jong seun al in die donkerte langs tot in ’n hoek agter ’n bolwerk bo die agterstewe.
Die Oostersee hel effens oor na bakboord. Kaptein Meyer hang aan die reling van die kompanjiedek en skreeu op die bootsman.
“Help die passasiers uit die kajuite. Laat die bemanning die skeepsbote neerlaat. Ontruim die skip.”
Die bootsman staan vlak onder hom op die middeldek. Meyer kan hom nie sien nie, maar hy is self teen die gloed van die lampe agter hom afgebeeld.
“Dit voel vir my ons ry op ’n sandbank, Kaptein,” antwoord die bootsman hard, “miskien is dit veiliger...”
“Ontruim die skip,” bulder Meyer nadat hy die soutdruppels van sy lippe afgevee het. “Kan jy nie hoor ons is naby rotse nie? Die branders breek vlak aan stuurboord. Ons kan nie te ver van die land af wees nie.”
“Dit is daarom wat ek sê, Kaptein,” hou die bootsman vol. “Ek het netnou ’n lig gesien. Dit het heeltemal stil gestaan en moes op land gewees het. Ons sal nooit met die skeepsbote deur die rotse kom nie.”
“Ek weet,” werp Meyer terug en beheer sy ongeduld. Die bootsman se besware is verstaanbaar en heeltemal verstandig.
“Ek dink ek ken die kus hierlangs. Ek, ek weet waar ons is. Hier digby is ’n plek waar ons die strand veilig sal kan bereik.” Hy verduidelik doelbewus want hy wil geen agterdog wek nie.
Sonder ’n verdere woord gehoorsaam die bootsman. Blykbaar stel die kaptein se woorde hom gerus en omdat hy reeds self tot die gevolgtrekking gekom het dat hulle in geen onmiddellike gevaar verkeer nie, gaan hy met kalme doeltreffendheid te werk.
Digby die middelmas kreun twee matrose op die dek. Hulle maats, wat rats teen die toulere afgeklim het, het die gesprek tussen die kaptein en die bootsman gehoor. Dit stem hulle amper opgewek, want hulle wat daagliks in die nabyheid van dood in die koue, groen water leef, het gemeen dat die einde dalk nou gekom het. Hulle help die twee beseerde manne tot by die hek in die kantreling sodat hulle eerste in een van die bote gelaai kan word. Uit die voorkasteel borrel die bemanning wat so onverwags uit hul slaap gewek is en van wie talle eers hulle oë oopgemaak het, nadat hulle uit die slaapbanke geslinger is. In die gange

van die agterkasteel hardloop die paar passasiers doelloos op en af en teen mekaar vas. Die feit dat die skip nou so roerloos is bring hul stadig tot bedaring, maar daar is weer ’n paar van die vroue wat gil toe een van die offisiere binnekom en hul versoek om net hul persoonlikste besittings op te raap, aangesien die skip dadelik ontruim moet word.

Hendrik Bierman staan by die kantreling. Sy aantreklike gelaat is streng en humorloos soos gewoonlik, maar sy ferme stem en bemoedigende woorde, waar hy die vrouens teen die trapleer afhelp, wek vertroue by die ander. Hendrik vind dit maklik om sy volle aandag te skenk aan die ordelike ontruiming, want hoe spoediger almal die skip verlaat, hoe gouer sal sy manne met hulle deel van die werk kan begin. Soos met elke fout, teleurstelling of terugslag wat hy nog in sy lewe gehad het, het hy elke gedagte aan Dawie Fourie uit sy bewuste verstand geskuif en ’n deur daarop toegesluit. Hendrik Bierman kyk na die toekoms en alles wat met hom gebeur, goed of sleg, word net ontleed sodat hy teen ’n herhaling daarvan kan waak en dan weer daarvan vergeet.

Daar is drie groot skeepsbote. Al die passasiers en selfs ’n gedeelte van die bemanning, afgesien van die roeiers, maak die eerste vrag uit. Kaptein Meyer is aan die roer van die voorste skuit. Hy ken die kus, soos hy gesê het, want op die kaart wat Hendrik vir hom gebring het, is die landingsplek duidelik aangedui.

Hier, nadat hulle eers ’n entjie dieper in die see geroei het, breek die deining nie en alhoewel die bote hoog op die kruine die volle aanslag van die wind moet trotseer, voordat hulle teruggly in die golfdale, maak hulle goeie vordering. Die bote word maklik beheer en die bietjie water wat geskep word, word haastig uitgeskep.

Meyer verskerp sy sintuie. Hy stuur die skuit deur die donkerte in die rigting waarlangs die Oostersee ’n rukkie vantevore gekom het. Gedurig skreeu ’n paar van die bemanning na die ander bote sodat hulle nie moet afdwaal nie.

Dit is asof die wind meteens bedaar. Die passasiers sug van verligting, maar Meyer weet dat dit net ’n klein strook is waar ’n heuwel ’n landengte vorm en waar hulle dus vir ’n oomblik verskuil is. Hy stuur die skuit na bakboord en toe die boeg weer hoog in die lug geruk word, voordat dit skuim plassend in die golfdal terugslaan, begin ’n vrou te snik. Meyer roep bemoedigend uit dat hulle darem nie meer te ver van

die strand af is nie. Hy weet dat hulle nou voor ’n breë riviermond verbyvaar en dat daar op die oorkantste wal ’n sanderige strand is.
Skaars vyf minute later rus die roeiers en oorweeg Meyer die deining soos dit onder die skuit deur rol. Dan sny sy bevel skerp deur die wind. Die skuit ruk toe die spane teen die water vasskop. ’n Oomblik later raak die kiel teen vaste grond.

Meyer spring eerste teen die trapleer op toe hulle terug is by die Oostersee. Hendrik Bierman wag op hom by die kantreling. Met die verbygaan knik hy net en dadelik versoek Meyer die bootsman om die oorblywende bemanning in die bote te kry. Weer merk die bootsman op dat die skip vir hom taamlik stewig voel, maar geduldig verduidelik Meyer dat hy nie gewillig is om iets te waag nie, want die branders kan die Oostersee dalk later losruk en teen die rotse verpletter. Hulle kan môre kom ondersoek instel.
Meyer is die laaste een om die skip te verlaat. Nog een keer kyk hy na die brandende lampe op die agterkasteel en dan neem hy weer plaas by die roer. Net hy, Verwey en Bierman weet dat daar nog twee mense aan boord is. Dit is die lyk van ’n jong seun en ’n man wat onder die loopdek skuil. Nog Bierman, nog Meyer het gedurende die aand met hom gesels, maar hy weet hoe lank die bote met die eerste vrag weg was en hy weet hoe lank hy nou moet wag voordat hy die teken van die agterkasteel af kan gee.
Sonder teenspoed bereik die drie bote die strand. Die groep wat eerste afgelaai is, het skuiling gesoek agter die hoë duine en die digte ruigtes wat ’n paar tree van die waterkant af, die binneland in strek. Kaptein Meyer beveel sy offisiere om te sorg dat almal bymekaar bly en dat hulle hulself so gerieflik as moontlik inrig omdat hulle daar sal moet wag tot ligdag.
Niemand sien vir Hendrik Bierman toe hy stilletjies van hulle af wegstap en dan al op die strand langs begin hardloop nie. Die wind bedaar effens en hy weet dat hy nou teen die rivier se mond op beweeg. Hierdie plek is noukeurig uitgesoek. Die rivier strek hier breed tot aan die voet van die eerste heuwels. Aan die oorkant is die landengte en dit verhoed dat die skipbreukelinge die Oostersee oor land kan bereik of dat hulle dit kan sien.

“Meneer Bierman.” Die stem kom uit die ruigtes ’n entjie verder van hom af. Hy het dit egter verwag.

“Ja, het jy my perd gereed?”

“Sedert vroeg vanaand al,” antwoord die ruiter wat nou skielik voor Hendrik verskyn. Sonder aarseling is Hendrik in die saal van die perd.

Op ’n vinnige galop jaag hulle verder teen die rivier op. Hendrik hou sy perd effens in, want hy ken nie die pad nie. Die man voor hom hou met die volste vertroue koers asof hy oë het wat in die donker kan sien.

Dit behoort nie meer ver van middernag af te wees nie, volgens Hendrik se skatting. As Ben Kellerman dadelik aan die werk gespring het, sal hulle lank voor dagbreek weer kan vertrek.

Versigtig stuur Hendrik se gids sy perd die rivier in. Hendrik volg sondermeer. Net vir ’n paar tree moet die diere swem en dan struikel hulle teen die oorkantste oewer uit en trek hulle weer op volle galop oor ’n grasvlakte teen die effense helling van die heuwels op. Van die punt van die kruin af sien Hendrik die twee groepies ligte daar onder. Dit een is die lanterns by die waens op die strand en die ander is die lampe van die Oostersee. Daar is nou ook lanterns opgestel op die dek en teen die maste.

’n Paar manne skrik toe die twee ruiters onverwags en geluidloos uit die donker op die sand langs tussen hulle verskyn. ’n Frisgeboude man wuif na Hendrik. Sy bolyf is kaal en blink van die sweet. Hy staan by ’n paal wat diep in die sand geplant is. Bo-aan die paal gly ’n dik tou deur ’n houtkatrol. “Dit werk maklik, meneer,” roep hy uit. “Dit sal dus gou gaan!”

“Gaaf Ben.” Hendrik swaai uit die saal en gooi die teuels na die gids wat hom hierheen gebring het. Sy oog dwaal oor die vyftiental manne wat hulle nie verder aan hom steur nie, maar met hulle werk voortgaan. Dit is laagwater en die sand is hard. Teen môre-oggend sal die see alle spore hier uitgewis het. Waar die harde, rotsagtige grond begin, staan ses groot waens. Die spanne muile is laer af teen die strand en Hendrik kan hulle geproes hoor. Hier aan wal is die wind nie so sterk nie en dit voel amper asof dit effens bedaar het.

Die lanterns werp eienaardige skaduwees oor die wit sand. Dit is asof die bedrywighede binne ’n ronde sfeer van lig plaasvind, want die skaduwees word teen die mistigheid opgewerp en die donker nag sluit

hulle en alles verder alles in.
Daar is twee pale geplant en die een is veel hoër as die ander geplant. Aan die bopunt van die hoogste trek ’n tou deur ’n katrol en dit loop met ’n val van ’n paar voet, na ’n katrol wat aan die kantreling van die Oostersee se middeldek vasgemaak is. Die skip lê skaars ’n honderd tree van die strand af. Met hierdie tou langs het ’n klompie manne deur die lug oor die skerp rotse gesweef.
Aan boord het die matroos wat daar op hulle gewag het en na wie hulle die toue gegooi het sodat hy dit daar kan vasanker, hulle na die skeepsruime geneem en die kaste en bale gewys wat so gepak is dat dit maklik vervoer kan word. Onderwyl party dit uit die ruime hys, trek ander dit teen die middel mas op, want van die eerste platform af is ’n tweede tou gespan na die tweede paal op die strand, waar Ben Kellerman staan. Kas na kas en baal na baal word aan die dubbel tou vasgemaak. Van hierdie hoë punt af gly dit met ’n katrol tot waar Ben en ’n paar ander dit behendig keer sodat nie teen die paal verpletter word nie.
Hendrik Bierman toon nie sy verligting nie. Soos met alles wat hy doen, verwag hy vooraf dat dit met sukses bekroon sal word. Hy het vooraf deeglik beplan dat dit so moet gaan.
“Daar is al ongeveer twee wavragte, meneer,” merk Ben Kellerman op, toe hy oor sy skouer na die groter wordende hoop bale op die strand kyk. Hendrik glimlag. In stilte maak hy gou berekenings. Die inhoud van een van daardie pakke sal die lone van die kêrels dek. Vir elkeen van hulle saf dit ’n klein fortuin verteenwoordig. Sy eie deel sal aansienlik wees. Hy sug. As hy maar net vooraf die inligting kon gekry het en as hy maar net die invloed gehad het om ’n transaksie soos hierdie eiehandig van stapel te stuur, sodat hy nie amper driekwart van die buit hoef af te staan nie, sou hy ’n gelukkiger man gewees het.
“Gaaf Ben,” sê hy nou weer. “Aangesien alles hier vlot verloop, sal ek liewer maar terugkeer na die skipbreukelinge. Ek sien jou oormôre nag op Môrester. Ek sal daar wees en ek sal sorg dat die werf leeg is. Daar behoort nie moeilikheid te wees met die aflaaiery nie.”
Kellerman vang die volgende kis en maak dit haastig los onderwyl Hendrik groet en met sy gids in die nag verdwyn. Dan skreeu hy na die manne op die Oostersee. Die wind dra die klank van sy stem en hulle

kan hom duidelik hoor, hoewel hulle nie na hom kan terug skreeu nie. Hulle moet gouer maak, want dit is netnou dagbreek.

Die kêrels hyg na hulle asem. Die katrolle kraak en sing wanneer die toue daardeur rol. Nog bale word uit die skeepsruime gehys en daarvandaan teen die mas opgetrek om dan met die kabeltou langs na die strand te gly. Die bale is almal gemerk. ’n Matroos wat die een na die ander aanwys, is die enigste een wat weet dat dit die fynste materiale, die duurste Oosterse tapyte, silwer en goudware en die kosbaarste porselein in die wêreld bevat.

Ben Kellerman hou die stapel op die strand dop. Uiteindelik skree hy dat die waens nie meer sal kan dra nie. Een van die manne gly met die tou af en deel hom mee dat daar nog net twee kiste is.

“Laat dit dan maar kom,” roep Ben uit. “Maak daarna dadelik die katrolle los en bring die lanterns.”

Hy stap teen die strand af tot waar die spanne muile die lang toue wat aan die agterstewe van die Oostersee vas is, reeds styfgetrek het. Hy hou die skip dop en toe almal aan wal is en nog net die matroos oorbly, beveel Ben dat die waens gelaai word. Die matroos maak die katrol teen die mas los en die tou word uitgesleep. Dan spring hy op die agterkasteel en kan Ben hom in die lig van die lampe op die Oostersee sien.

Hy skree vir hom om met die linkerkantste tou langs te kom. Dan gesels hy met die muile, wat die tou styf trek bokant die rotse langs. Hand oor hand swaai die matroos tot in die vlakwater.

Hulle skree op die ses spanne muile. Hul hoewe gly in die sand en skop gate voordat hulle kan vastrap. Die strand maak hier ’n draai en die skip word so amper loodreg agtertoe getrek. Skielik ruk dit los en die muile draf daarmee totdat die Oostersee teen die rotse vasslaan. Haastig word die toue losgemaak en aangesien almal dubbeld gespan was, word hulle om die balke op die agterstewe getrek en opgerol.

Die groot vragskip hel oor teen die rotse. Reeds is diep skeure en gapende openings aan die stuurboordkant teen die skerp rotse geslaan. Water stroom die ruime binne. Met elke slag teen die rotse, word dit minder beweeglik en sak dit dieper weg.

Reeds met die eerste oorverdowende gekras van brekende en

splinterende hout, het daar ’n sagte kreun agter die bolwerk, in die donker hoek in die agterkasteel opgestyg. Lank lê Dawie Fourie in ’n halwe beswyming, maar hy is bewus van die feit dat die oppervlakte onder hom heen en weer en op en af beweeg totdat daar skielik ’n ruk deur hom gaan asof die voorwerp waarop hy is, ’n harde stamp gekry het. Hy is bewus van ’n dreuning in sy ore en die gehuil en gesing van die wind deur die skip se toue.

Hy knip sy oë ’n paar keer en besef dan dat dit donker is. Steke van pyn skiet deur sy kop en sy skouers toe hy hom probeer oplig. Hy voel aan sy kop en ruk sy hand vinnig weg toe hy aan die wond raak. Hy voel weer, maar die keer versigtiger. Hy verstaan dit glad nie. Hy voel aan die anderkant van sy kop, maar daar is nie ’n soortgelyke seerplek nie.

Weer steier die skip van die rotse af terug. Die middelmas kreun ’n slag en dan kantel dit krakend om.

Dawie klou aan die reling vas. Hy trek homself orent en tuur in die donker rond. Sy blik vestig op ’n paar ligte wat daar ’n ent voor hom rond sweef. Hy knip sy oë, want die wind dryf soutdruppels teen sy gesig vas. As hy weer kyk, lyk dit vir hom asof die ligte stilstaan, so asof dit nie hierdie geswaai en geslinger ondergaan nie.

Hy klouter agter die bolwerk uit. Hy voel die gelyke oppervlakte onder hom. Voetjie vir voetjie beweeg hy teen die reling af. Hy kyk skielik om, want dit is asof daar iewers diep in sy geheue ’n gewaarwording is. Hy is onbewus van die feit dat hy na die lampe op die agterkasteel soek. Die is reeds afgeruk en geblus.

Daar is trappe onder hom. Hy klim daarlangs af en weer word hy bewus van die feit dat hy al vantevore hier rond was, maar waar dit is of wat hy hier soek, weet hy glad nie.

’n Brander, heelwat groter as vorige een, lig die Oostersee lomp en sidderend op en toe dit wegsak, kantel die skip om en stort dit op die rotse neer. Dawie klou aan die reling vas maar sy greep word losgeruk en kop eerste skiet hy vorentoe. Die yskoue, bruisende water laat ’n skok deur hom gaan. Hy het nie die vaagste benul wat met hom gebeur nie, maar sy kragtige jong spiere is verkwik en met refleksbewegings spartel hy om selfbehoud.

Hy word meegesleur deur die deining wat hoog oor die rotse soos ’n watermuur na die wal toe rol. ’n Skuimrand breek op die kruin en toe

Dawie grondvat, word hy soos ’n paal op die strand gerol.
Die water trek terug en soos ’n verskrikte, verwilderde dier spring die seun op en begin hardloop. Talle kere struikel hy deur bosse en klippe, maar daar kolk in sy verstand net die een drang, om so ver as moontlik van daardie dreunende, bruisende watermassa af weg te kom. Hy kan hom nie voorstel dat daar voor hom ’n gevaar kan wees wat groter is nie.
Mettertyd word hy daarvan bewus dat die dreuning hom nie meer agtervolg nie. Sy asem jaag behoorlik deur sy keel. Hy hou op met hardloop maar bly aan beweeg. Hy bevind hom teen ’n steil opdraand en hy skrik toe voorwerpe rondom hom begin sigbaar word. Hy kyk om hom heen, maar aangesien hy reeds agter die eerste reeks heuwels is, kan hy die see nie sien nie. Daar is net die wit lig van die grou dag en alhoewel hy dit nie dadelik kan verstaan nie, aanvaar hy dit as iets wat moet gebeur.
Die son is al ’n ruk op toe hy ’n gebou voor hom sien. Daar is mense op die stoep en twee diere kom blaffend na hom aangedraf. Die man skree na hulle en stert kwispelend wag hulle vir Dawie in.
“Môre seun,” groet die boer vriendelik. “Jy dwaal vroeg hier in die veld rond?” Hy kom met ’n uitgestrekte hand nader. Dawie kyk daarna en dan skud hy dit.
Dit is die boer se vrou wat skielik nader kom. Besorgd roep sy uit. “Kyk na daardie wond langs sy kop, Frederik. Kom binne seun!” Sy gryp hom aan sy arm.
Dawie laat hom meesleep. Die boer val anderkant hom in.
“Ek is Frederik de Jongh,” sê hy, en frons toe Dawie na hom kyk asof hy nie eintlik kan verstaan wat die boer daarby bedoel nie.
Frederik de Jongh beteken vir Dawie niks. Hy ken hierdie mense nie.
“Wat is jou naam seun?” vra die boer.
“My naam?” Dawie skud sy kop. “My naam?” herhaal hy weer.
“Los hom nou, Frederik,” sê die vrou. “Jy kan sien dat hy nie gesond is nie. Hy het heelwaarskynlik ’n koors en hy yl.”
Maar toe Dawie in die spaarkamer in die bed lê en Hester de Jongh die wond langs sy kop skoon was, skud Frederik nog sy kop. Hy trek ’n stoel nader en gaan sit.
“Hy het nie koors nie vrou,” merk hy ernstig op. “Hy yl ook nie. Hierdie